


# WEEK 4

## KERNGEDAGTE: DIE HEILIGE GEES GEE MY WAAGMOED

Week 4 van ons Volg reeks handel oor die gawe van die Heilige Gees en dat die kinders die Heilige Gees ook as hulle vriend sal ken. **God het vir ons die Heilige Gees gestuur as 'n gawe**, om ons te bemoedig, te lei en te inspireer. Net soos op die dag van Pinkster, wil Hy ons vul en vir ons die moed gee om Jesus met ander te deel.

Soos Johannes 14:26 sê – Maar wanneer die Vader die Gees van Heiligheid gestuur het, die Een soos Ek, wat julle vrymaak, sal Hy julle alles leer in My naam. En Hy sal julle inspireer om elke woord te onthou wat Ek julle geleer het. (TPV)

Kinders moet ook weet dat God met ons praat deur Sy Heilige Gees en Hy lei ons gedagtes of gee vir ons idees. Dit is regte woorde en gedagtes, selfs al kan jou ore dit nie hoor nie. Dit is ook belangrik om God se stem te ken, want as ons probeer om Sy stem te hoor, sal ons nooit teen dit gaan wat God in die Bybel sê nie.

DOXA DEO KIDS MINISTRY

Mag julle as ‘n familie, ‘n dieper ondervinding met die Heilige Gees hê, soos julle hom ervaar en erken in julle lewens, ook om deur Hom bemoedig en geïnspireer te word.

# FAMILIE TYD!

## Aktiwiteit:

**Benodig:**

- glas of koppie
- Beker water
- bak

Verduidelik aan die kinders dat ons ‘n eksperiment gaan doen wat sal demonstreer dat ons oop moet wees vir die Heilige Gees, sodat die Heilige Gees kan werk in ons lewens. Die koppie is ons lewens en die beker water is die Heilige Gees. (plaas die koppie onderste-bo in die bak). Wanneer ons harte nie oop is vir die Heilige Gees om deur ons te leef nie, sal dit ‘n deurmekaar gemors afgee. (gooi die water bo-oor die koppie) maar as ons rerig wil hê dat die Heilige Gees deel van ons lewens moet wees, moet ons oop wees en gevul word met die Heilige Gees (plaas die koppie regop in die emmer en gooi die water in die koppie). So wanneer ons die Heilige Gees vra om ons te lei, sal Hy ons vul met die moed wat ons nodig het en sal Hy ons inspireer om God se wil te doen. (gooi totdat die water oorloop) Dan kan ons gelei word deur die Heilige Gees en doen wat Hy van ons verlang.

‘n Groot deel daarvan, om gelei te word deur die Heilige Gees, is gehoorsaamheid van die kleinste, tot die grootste dinge in God se Woord. Dit beteken om ‘n dader te wees van God se Woord. Hy wil ons lei deur elke enkelinge ding in ons lewens.

# PRAAT DAAROOR!

Dit is maklik vir ons om afgelei te word deur die “geraas” in ons lewens. Ons wil miskien graag God se stem hoor, maar is ons gewillig om te luister?

Praat oor die maniere waarop die Heilige Gees met ons kan praat:

- Wanneer iemand se naam in jou gedagtes kom wil God dalk hê ons moet vir daardie persoon bid.
- Wanneer jy 'n sterk gevoel oor iets het mag dit miskien die rigting wees wat God vir ons aandui waarin ons moet gaan, (of nie moet) gaan nie.
- Wanneer 'n Bybelvers in jou gedagtes opkom mag dit die Heilige Gees wees wat jou aanmoedig om te doen wat die Bybelvers sê, of Hy gee vir jou daardeur vrede of moed in die situasie.

## Vrae:

- Maak ons tyd vir Bybel lees?
- Spandeer ons tyd in gebed met Hom?
- Is ons bereid om gehoorsaam aan Hom te wees?
- Is ons gereed om gelei te word deur die Heilige Gees?

## Familie Gebedstyd:

Lees die skrif saam en laat elkeen deel oor wat dit vir hulle beteken vandag. 1 Korintiërs 2:9-16

Bid saam en nooi die Heilige Gees om deel te wees van julle lewens. (een persoon kan bid en die ander kan agterna herhaal).

Dankie Vader dat ek U krag en sterkte binne my het, deur die Heilige Gees, wat wag om my te lei.
Dankie dat ek die gedagtes van Jesus het. Gebruik my asseblief om tot U eer te leef soos Jesus geleef het, deur slegs die dinge te doen wat U wil hê ek moet doen. Ek wil in Gees en in Waarheid leef, vir U glorie.
Ek bid dit in Jesus naam.
AMEN